**11 Augustus**

## Die Here doen goed aan al sy kinders

**Skrifgedeelte: Psalm 73**
**Fokusgedeelte Psalm 73: 1**

As jy kyk na die moord, die korrupsie, die welvarendheid van die onregverdiges, dan kan ’n mens nogal begin twyfel, soos Asaf in vers 2 maak. Is God regtig goed vir sy kinders as jy sien hoe die ongelowiges, misdadigers en andere soveel vooruitgang maak en die arme gelowiges agterweë bly?

Asaf beskryf die wêreld as mense sonder kwellings en sorge. Die geweld kleef aan hulle soos ’n kleed, en smalend stook hulle die kwaad. Hulle laster teen die hemel en skynbaar maak hulle soos hulle wil. Die ergste is dat dit lyk of hulle daarmee wegkom. Die gevolgtrekking in verse 13-14 is dat dit nie help om die reguit pad te hou nie. Alles is teen jou.

Maar gaan dink diep daaroor na. Wat is jou troos? Waarheen is jy op pad? Is daar enigsins uitkoms, of selfs ’n lig aan die einde van die tonnel? Asaf het dit gaan doen, en agtergekom dat die einde van die pad vir die goddeloses nie so rooskleurig soos hulle lewe is nie. Hy sê hulle lewe sal verdwyn soos ’n droom wat ophou.

En jy? Dit is goed om naby God te wees en van sy werke te vertel. Die rede is omdat God goed is (vs 1). Die Woord is vol daarvan dat die Here jou bystaan en jou lei. Hy is jou sterkte en aan Hom behoort jy vir altyd. Dit is alles moontlik gemaak deur Jesus Christus, en daarom sorg Hy vir jou. Hy lei, behoed en bewaar jou elke dag van jou lewe deur sy Gees, en Hy is jou enigste toevlug in die lewe.

Gaan kyk maar, en jy sal sien dat die uiteindelike toekoms vir alle goddeloses geweldige oordeel en verskrikking inhou. Jou troos is dat jy na ’n wonderlike en heerlike toekoms in die teenwoordigheid van God kan uitsien. Dit strewe jy na, maar vir nou is jy nie alleen nie. Hy staan jou altyd by.

*Sing: Psalm 73:1, 12*

*Ds. Neville Boy (Drieviersboom)*